Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 JUNIE 2024 OM 09:15**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Snr Bestuurder Menslike Hulpbronne, me S de Jongh
Komiteebeampte (Intern), me A Stols

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met 'n gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat kennis geneem word van die verskonings ontvang vanaf rdh T van Essen, rdl N Smit, die Speaker, rdh M A Rangasamy en die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 MEI 2024**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Mei 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

**5. MAANDVERSLAG: APRIL 2024**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies ten opsigte van April 2024.

**5.1.2 SIVIELE INGENEURSDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van April 2024.

**5.1.3 ELEKTRIESE INGENEURSDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingeneursdienste ten opsigte van April 2024.

**5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van April 2024.

**5.1.5 BESKERMINGSDIENSTE**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Beskermingsdienste ten opsigte van April 2024.

**6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**7. NUWE SAKE**

**7.1 WYSIGING VAN DIE BELEID INSAKE PRESTASIEBESTUUR EN -ONTWIKKELING (2/4/2)**

Die bestaande beleid is op 24 Januarie 2024 deur die Uitvoerende Burgemeesters-komitee goedgekeur, maar word wysigings voorgestel om die beleid in lyn te bring met artikel 32 van die *Municipal Performance Regulations* van 2006.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Beleid vir Prestasiebestuur en -Ontwikkeling met ingang van 1 Julie 2023 gewysig word om:

(i) Die betaling van prestasie bonusse betaalbaar en aan die Munisipale Bestuurder en direkteure ten aansien van die 2023/2024 finansiële jaar ooreenkomstig artikel 32 van die M*unicipal Performance Regulations* van 2006 hanteer word;

(ii) Dat die KPI's van die Munisipale Bestuurder en die direkteure in lyn gebring word met die nuwe prestasiebestuurstelsel.

**7.2 VOORLEGGING VAN 2024/2025 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)**

Die Prestasie Ooreenkomste van die Munisipale Bestuurder en direkteure moet ingevolge artikel 57 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 of 2000 op 'n jaarlikse basis binne een maand na die aanvang van die finansiële jaar aangegaan word.

7.2/...

Die ooreenkomste, met spesifieke verwysing na die berekening van prestasiebonusse, is in lyn gebring met die *Municipal Performance Regulations* van 2006, en word gebaseer op die uitkomste van die *Ignite*-prestasiebestuurstelsel.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasieooreenkoms en planne vir die 2024/2025 finansiële jaar;

(b) Dat die persentasie in paragraaf 10.2 van die Prestasie Ooreenkoms ingevolge artikel 32 van die *Municipal Performance Regulations* van 2006 hanteer word, ingevolge waarvan die maksimum bonus hoogtens 14% kan wees.

**7.3 2024/2025 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/4)**

Artikel 53 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), bepaal dat die Munisipaliteit se SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei (dit is voor of op 28 Junie 2024).

Die SDBIP dien as hulpmiddel vir die bestuur van die Munisipaliteit om diensleweringsteikens en spandering op kapitaalprojekte binne die vasgestelde tydsraamwerke te behaal.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die aangehegte 2024/2025 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

**7.4 SAMEWERKING MET KIEZ, SACHSEN ANHALT, DUITSLAND INSAKE UITRUILPROJEKTE MET BETREKKING TOT DIE JEUG (17/2/2/1)**

Die organisasie, Landesverband Kinder-und Jungenderholungszentren in Sachsen Anhalt, Duitsland het die Munisipaliteit in 2023 besoek en ‘n uitnodiging gerig om, soos in die verlede, betrokke te raak met jeugprojekte tussen die twee lande.

Die Munisipaliteit het ‘n Duitse-afvaardiging uitgenooi na die 2024 Sondeza-Jeugkamp in Desember en is daar bevestiging ontvang dat dit bygewoon sal word deur vier leerders en twee volwassenes. In ruil het Landesverband ‘n uitnodiging gerig om hul jeugkamp in Gernrode by te woon vanaf 13 tot 22 Julie 2025 deur 15 jeugdiges en twee volwassenes/tolke. Daar is besluit om slegs tien jeugdiges vanuit hoërskole in die Swartland munisipale area te betrek.

Die kamp sal fokus op Internasionale kulture, sang, dans, verskeie werkwinkels en besoeke aan besienswaardighede.

Rdl A K Warnick versoek dat oorweging daaraan verleen word om jeugdiges by te staan met die kostes verbonde aan hulle vlugkostes, aangesien daar behoeftige leerders is wat graag die toer sal wil meemaak.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die goedkeuring verleen word dat ‘n jeuggroep bestaande uit tien (10) jeugdiges en twee (2) volwassenes vanuit die Swartland area die jeugkamp in Duitsland bywoon vanaf 13 tot 22 Julie 2025;

(b) Dat posnommer 9/100-1320-2704 (External Affairs), waar R200 000.00 beskikbaar is, aangewend word vir die kampuitgawes;

(c)/...

7.4/...

(c) Dat die jeugdiges verantwoordelik gehou sal word vir, onder andere, hul eie vlugkostes;

(d) Dat die koördineerder van die Sondeza-kamp, naamlik die Bestuurder Openbare Betrekkinge Biblioteke en Toerisme, die kamp sal bywoon;

(e) Dat ‘n uitnodiging gerig word aan die hoof fasiliteerder van ABSA wat as fasiliteerder van die Sondeza-kamp optree, om die kamp by te woon;

(f) Dat die verteenwoordiger van ABSA verantwoordelik gehou sal word vir eie vlug- en kampfooie;

(g) Dat die finale besluit ten opsigte van die belangstellendes evalueer sal word om te oorweeg of daar enige ruimte is vir finansiële ondersteuning;

(h) Dat die proses in terme van die bepaling van die belanstelling teen September afgehandel moet wees.

**7.5 GOEDKEURING VAN ’N ETIESE KODE VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (2/B)**

Die Munisipale Bestuurder noem dat die aanvaarding van die Etiese Kode voortspruit uit voldoening aan vereistes ingevolge die *Staff Regulations*. Die Etiese Kode sal van toepassing weer op alle werknemers en raadslede.

Die Etiese Kode is voorgehou aan die vakbonde en aanvaar deur die Arbeids-verhoudingeforum vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

.

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Etiese Kode goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2024.

**7.6 INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIETEGNOLOGIE: GOEDKEURING VAN HERSIENDE EN OPGEDATEER BELEIDE (6/2/3/1/B)**

Die Voorsitter gee ‘n geleentheid aan die Direkteur: Elektrisie Ingeneursdienste om die item ter tafel te lê.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste bevestig die twee dokumente wat met die sakelys gesirkuleer is, met in begrip van die geringe wysigings wat aangebring is op aanbeveling van die Interne Ouditeur en om die beleide in lyn te bring met risikobestuurspraktyke.

Die voorgestelde wysigings is ook deur die Inligtings- en Kommunikasietegnologie-komitee oorweeg vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die volgende hersiende en opgedateerde Inligtings- en Kommunkasietegnologie beleide goedgekeur en aanvaar word vir onmiddellike implementering, naamlik:
   (i) *Information Technology Strategy* (slegs beskikbaar in Engels);
   (ii) *Corporate Governance of ICT Policy* (slegs beskikbaar in Engels).

**7.7 OORWEGING VAN AMNESTIE VIR ONWETTIGE BOUWERKE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/4/B)**

Die voorsitter gee geleentheid aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste om die inhoud van die verslag voor te hou en word bevestig dat daar ‘n amnestie periode voorgestel word om goedkeuring vir onwettige bouwerke te verkry. Hierdie is ‘n poging deur Swartland Munisipaliteit om aan eienaars geleentheid te gee om hul eiendomme in terme van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde Wet, Wet 103 van 1977 in orde te kry, sonder die heffing van addisionele gelde.

Rdl J M de Beer verneem na die prosedure wat gevolg word wanneer ‘n huurder onwettige bouwerke aanbring sonder die eienaar se toestemming. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Munisipaliteit se beleide en verordeninge baie duidelik in hierdie geval is, en dat daar altyd teen die regmatige eienaar opgetree sal word, want dit is waar die Munisipaliteit locus standi het.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die huurder of enige ander persoon, slegs met volmag vanaf die regmatige eienaar, ‘n bouplan- of grondgebruikaansoek kan indien, maar dat die eienaar altyd verantwoordelik gehou sal word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat ‘n amnestie periode vir ongemagtigde bouwerke en okkupasiesertifikate goedgekeur word vanaf 15 Augustus 2024 tot 15 Februarie 2025;

(b) Dat hierdie amnestie net van toepassing is op regmatige eienaars van grond en geboue waar bouwerke sonder enige goedkeuring plaasgevind het en waarop okkupasie geneem is sonder die okkupasiesertifikaat, en dat persone aangemoedig word om sodanige bouplanne vir oorweging en goedkeuring in te dien;

(c) Dat, indien die bouplanaansoek wel binne die amnestie periode ontvang word, geen addisionele fooie van toepassing sal wees nie;

(d) Dat die uitnodiging om bouplanne in te dien en die verkryging van okkupasiesertifikate in al drie tale van die Wes-Kaap en op verskillende platforms bekend gemaak sal word;

(e) Dat die amnestie ook via die onderskeie wykskomitees aan wykskomiteelede gekomunikeer word sowel as op ander sosiale media platforms.

**7.8 VERHURING VAN SPORTFASILITEITE AAN DIE MOORREESBURG SPORT-FORUM (17/9/2/R)**

Die verslag word onttrek.

**7.9 LIEBENBERG PRIMêRE SKOOL: AANSOEK OM GEBRUIK VAN PUBLIEKE OOP RUIMTE TUSSEN KAREEBOOMSTRAAT EN DARLINGWEG, MALMESBURY (17/9/2/R)**

Die Munisipale Bestuurder noem dat met die ontwikkeling van die sportgronde agter Liebenberg Primêre Skool, die speelruimte vir leerders ingeperk is. Die skool is van voorneme om die publieke oopruimte (groot ±6037 m²) op eie koste te omhein en te inkorporeer by die skoolterrein. Daar sal ‘n hek aangebring word en sal die Munisipaliteit toegang hê tot die dienste op die betrokke stuk grond.

Op navraag deur die voorsitter aangaande die skep van die grondgebruiksregte op munispale grond wat van tydelike aard mag wees, bevestig die Munisipale Bestuurder dat die betrokke grond vanaf publieke oopruimte na owerheidsone gesoneer sal moet word om aan die nodige stadsbeplanningswetgewing te voldoen.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat ‘n gedeelte (groot ± 6037 m²) van Erf 2046, Malmesbury op ‘n informele basis aan die Liebenberg Primêre Skool beskikbaar gestel word om te omhein en as speelterrein te benut, onderhewig daaraan dat
  (i) ‘n hek in die omheining aangebring word om te verseker dat die Elektriese direktoraat toegang sal hê vir ‘n kraantrok om instandhouding te kan doen van die straatligte en elektriese netwerk op die grens van die skoolperseel;
  (ii) daar geen strukture op die terrein aangebring mag word nie, in ag genome dat daar ‘n besproeiingspyp is wat die erf kruis aan die kant waar dit grens aan die skool;

7.9(a)/...

(iii) die voorneme om die oop ruimte vir publieke gebruik af te sluit, in die media bekend gemaak word vir publieke kommentaar, en ook insette via die wykskomitee bekom sal word;

(b) Dat die skool die vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit (Siviele en Elektriese Direktorate) moet bekom vir die heining en toegangshek wat aangebring sal word;

(c) Dat die grondgebruiksregte (insluitend, sluiting, hersonering en onderverdeling) ten opsigte van die terrein verkry word deur en op koste van die aansoeker;

(d) Dat ‘n memorandum van verstandhouding met die skool gesluit en driejaarliks hersien sal word.

**7.10 NOTULE VAN ’N MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 28 FEBRUARIE 2024 (5/15/1/3)**

Die Ouditkomitee dien as ’n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 28 Februarie 2024 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 28 Februarie 2024.

**7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2024 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure teen einde Mei 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die toepassing van kredietbeheer ‘n daaglikse handeling is en dat dit belangrik is om die uitgawes, kostesentrums en kostedrywers van die Raad te bestuur, aangesien dit die bekostigbaarheid van tariewe in toekomstige jare bepaal.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2024.

**7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE, MEI 2024 (15/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem, vir kennisname, dat die termyn van die Raad se Versekeraar verstryk op 30 Junie 2024 en dat dieselfde Versekeraar deur middel van ‘n tenderproses vir die volgende termyn van drie jaar met ingang van 1 Julie 2024 aangestel is.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13/...

**7.13 AFSKRYF VAN BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER M.B.T. VERLORE, GEEN VERSEKERINGSEIS, VERNIETIGDE EN ONEKONOMIESE HERSTELBARE BATES TOT 31 MEI 2024 (6/1/4)**

Die Batebestuursbeleid bepaal die redes vir die afskryf van bates, onder andere, as gevolg van diefstal, vernietiging, onherstelbaar, ens. en 'n register word gedurende die jaar bygehou van sodanige bates.

Die bates word vir afskrywing aanbeveel, aangesien dit tydens die fisiese inspeksie geverifieer kon word dat die bates met 'n waarde van R8 063,00, vir die redes genoem in die verslag, nie meer bestaan nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat goedkeuring verleen word vir die afskryf van bates per die aangehegde lys (R 8 063.00) en dat daardie bates verwyder word vanuit die bate register ten einde die Munisipaliteit se finansiële rekordhoudig te volvoer vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.

**7.14 AFSKRYF VAN BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER MET BETREKKING TOT VERSEKERINGSEISE TOT 31 MEI 2024 (6/1/4)**

Die instandhouding van die Bateregister word ingevolge Artikel 63 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) vereis. 'n Lys van bates wat afgeskryf kan word en gevolglik van die Bateregister verwyder moet word, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur Finaniele Dienste versoek dat die opskrif van die aanhangsel tot die item gewysig word na: Missing Items/Items written off under the Insurance Portfolio.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die afskryf van bates per die aangehegde lys (R107 989.25) en dat die betrokke bates dienooreenkomstig vanaf die Bateregister verwyder word ten einde die Munisipaliteit se finansiële rekordhouding te volvoer vir die jaar geëindig 30 Junie 2024;

(b) Dat, indien daar soortgelyke versekeringsgevalle na vore kom tot en met einde Junie 2024, die Hoof: Finansiële Beampte gemagtig word om die bates te laat afskryf, onderhewig daaraan dat die werklike bedrag afgeskryf vir die periode tot 30 Junie 2024 vir volledigheidshalwe aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gerapporteer sal word.

**7.15 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN VRAGMOTOR, CK 33676 (8/1/B/2)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die vragmotor, CK 33676, gebruik word om 'n reinigingsdiens in Darling te lewer. Die vragmotor het onklaar geraak en herstelwerk is deur die agent onderneem.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking uit die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge Artikel 36 van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die goedkeuring deur die Munisipale Bestuurder vir die herstel van die vragmotor, CK 33676, deur UD Trucks teen 'n bedrag van R113 432.24 (BTW uitgesluit);

(c) Dat, ingevolge paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid dit nie nodig geag word om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks die agente vir die vragmotors is;

7.15/...

(d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R113 432.24 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-92-5 verreken word;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.16 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN "RETURN ACTIVATED SLUDGE PUMP (RAS)" BY DIE RIEBEEK KASTEEL WWTW**

Die Riebeek Vallei WWTW bestaan uit verskeie biologiese behandelingsones en word die *Return Activated Sludge Pumps* **–** RAS-pompe gebruik om die vloei tussen die onderskeie sones te verseker. Een van die pompe het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig om te voorkom dat riool ophoop by die tersiêre tenke.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking uit die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge Artikel 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die goedkeuring deur die Munisipale Bestuurder vir die herstel van die *RAS*-pomp by die Riebeek Vallei WWTW deur CAW ten bedrae van R48 515.00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die *RAS*-pomp sou vir ‘n geruime tyd buite werking gewees het, sou die normale verkrygingsprosesse gevolg is;
   (ii) Voormelde sou lei tot die faling in die behandelingsproses en verdere skade aan ander meganiese komponente;
   (iii) Derhalwe is die herstelwerk as 'n noodgeval hanteer;

(d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R48 515.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.17 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Die Munisipale Bestuurder moet by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek doen om verlof en word derhalwe -

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae in beginsel goedgekeur word, naamlik:
- 13 Junie 2024 (1 dag).
- 1 tot 5 Julie 2024 (5 dae).

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder;

(c) Dat elke Direkteur, die waarnemende Direkteure in hulle onderskeie departement sal aanwys, ten einde goeie kommunikasie en dienslewering te verseker.

7.18/...

## 7.18 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULD JUNIE 2024 (5/7/3)

Die aangehegte skedules toon die uitstaande bedrae wat as oninvorderbaar geklassifiseer word, naamlik

- Skedule A – afskryfbaar ten opsigte van deernishoudings = R5 282 341.78
- Skedule B – afskryfbaar ten opsigte van uitstaande debiteure = R1 013 354.90.

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel paragraaf (c) van die aanbeveling vir duidelikheid.

Rdl A K Warnick spreek sy kommer uit dat die grootste afskrywings geskied in dorpe waar Eskom elektrisiteit voorsien, en waar kredietbeheer nie effektief toegepas kan word nie. Rdl A K Warnick noem verder dat, alhoewel hierdie statistieke dui op armoede – veral in landelike gebiede – daar bewusmaking moet geskied onder inwoners om hulle munisipale rekening te betaal.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat, alhoewel die Munisipaliteit bekommerd is dat die munisipale rekening te duur raak, daar streng kredietbeheer toegepas moet word ten einde die finansiële volhoubaarheid van die Munisipaliteit te verseker.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R5 282 341,78 en opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R1 013 354,90 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosioekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende vergadering voorgelê sal word;

7.18/...

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installering van ‘n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

(j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die Munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;

(k) Dat die kennis geneem word van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in ‘n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings by die munisipale kantore te kom onderteken.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**